# Die Kruin-o-gram

17 Januarie 2021 - Uitgawe 03

## Volg Hom | Johannes 1:43-51

Die evangelie volgens Johannes is die vierde evangelie wat in die Nuwe Testament opgeneem is. Die evangelie bevat 'n hoogs skematiese vertelling van Jesus Christus se bediening op aarde. Hierdie word weergegee in sewe 'tekens' wat sy hoogtepunt bereik met Lasarus se opstanding en sewe 'Ek is' diskoerse wat almal saamvloei in Tomas se proklamasie dat die opgestane Jesus 'my Here en my God' is. Die finale verse in Johannes dui die doel van die boek aan, naamlik, sodat ons kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God is en om in Hom te glo ontvang ons die ewige lewe.

### Die 'Ek is'-stellings van Johannes

Johannes verwoord sy Christologie (Ons verstaan van Jesus Christus) in sewe 'Ek is'-stellings. Hierdie is heelwaarskynlik geinspireer deur Eksodus 13:14, waarin God sy naam bekend maak aan Moses as 'Ek is'. Hierdie stellings bevestig Jesus as goddelik en een met die voorafbestaande God. Die sewe 'Ek is'-stellings is as volg:

i. Ek is die brood wat lewe gee (6:35).
ii. Ek is die lig vir die wêreld (8:12).
iii. Ek is die ingang vir die skape (10:7).
iv. Ek is die goeie herder (10:11)
v. Ek is die opstanding en die lewe (11:25).
vi. Ek is die weg endie waarheid en die lewe (14:6).
vii. Ek is die ware wingerdstok (15:1).

Johannes het sy finale weergawe rondom 90-110 A.D. ontvang, alhoewel daar tekens is dat die boek kan terug dateer tot 70 A.D. Soos die ander evangelies is Johannes se skrywer anoniem, akademici vermoed wel dat die 'geliefde dissipel' die skrywer is. Die boek het heelwaarskynlik uit die Johannese gemeenskap ontstaan. Hierdie gemeenskap was ook verantwoordelik vir 1-3 Johannes en Openbaring. Hierdie korpus boeke staan bekend as die Johanese geskrifte, alhoewel dit nie deur dieselfde skrywer geskryf is nie.

Meeste akademici verdeel Johannes in vier hoofafdelings: 'n Proloog (1:1-18); 'n vertelling van Jesus se bediening, bekend as die Boek van tekens (1:19-12:50); Die vertelling van Jesus se laaste aand met sy dissipels en sy kruisiging, genaamd die Boek van glorie (13:1-20:31) en dan 'n gevolgtrekking wat te vinde is in 20:30-31. Die boek word dan afgesluit met 'n Epiloog waarin meeste akademici glo dat dit nie deel was van die oorspronklike Griekse teks nie.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou?
   b. Waar is God tans in jou lewe besig?

2. Na God
   a. Lees Johannes 1:43-50
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat verwag Jesus van ons in die gedeelte?

3. Na mense
   a. Dink aan verskillende manierie oor hoe om mense volgelinge van Jesus te maak.

# Om jou te help

Kyk die video van 'The Bible Project' om so bietjie meer van Johannes te leer.

Deel 1: https://youtu.be/G-2e9mMf7E8 Deel 2: https://youtu.be/RUfh_wOsauk



# Volg Hom

## Johannes 1:43-51

Lees hierdie week se teksgedeelte saam met mamma en pappa.


### Wat dink jy beteken dit om Jesus te volg?

Ons het hierdie vraag al baie gevra. Kan jy onthou wat die antwoord is? Ek wil jou hierdie week uitdaag om na die antwoord te gaan soek as jy nie weet nie. Jy kan die antwoord op baie verskillende plekke kry.

Die belangrikste plek waar jy dit kan kry is natuurlik in jou Bybel. Nog 'n plek waar jy kan gaan soek is in ander Kruin-o-gramme. Daar het ons al baie gepraat oor Jesus en wat dit beteken om 'n dissipel te wees, ons roeping en nog baie ander dinge. Jy sal definitief hier 'n antwoord kry oor wat dit beteken om Jesus te volg.

Vra hierdie week vir mamma en pappa of enige iemand in die huis om jou daarmee te help. Skryf dan jou antwoord in die blokkie hieronder:

### Help vir Filippus en Natanael om by Jesus uit te kom.


## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Maandag 18 Januarie** | |
| Salty du Randt | |
| Dominique Potgieter | |
| Rina Putter | 083 500 7333 |
| | |
| **Dinsdag 19 Januarie** | |
| Gaea Jacobs | 082 589 8154 |
| Estelle Jansen van Nieuwenhuizen | 082 497 7673 |
| Danie Joubert | 012 804 6404 |
| Claire van Niekerk | 082 796 8471 |
| Marie Vos | 082 923 0509 |
| | |
| **Woensdag 20 Januarie** | |
| Sita de Jager | 082 558 7310 |
| Estian van Wyk | 072 567 7796 |
| | |
| **Vrydag 22 Januarie** | |
| Heleen Morton | 076 334 2175 |
| Lara Scholtz | 082 409 8227 |
| | |
| **Saterdag 23 Januarie** | |
| Sheroleen Billet | 076 933 2869 |
| Jan de Beer | 079 239 0986 |
| Johan Janse van Rensburg | |
| Lyna Pretorius | 073 262 9737 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie - Ha Morton
Henriette Roux se Moeder - Carol en Conner Pelser
Shirley, Deidré, Suané De Bruyn - Hein Le Roux

**OPERASIES**
Ghandi Visser - Dorette van Deventer (Hannes se Moeder)

**AFSTERWE**
Koos Bothma (Sarie Bothma) - Kotie Oberholzer se broer
Cecile Kleynhans se familie (Annelien en Gerhard du Plessis)

**GEBOORTES**
Beyers en Liezel Slabbert, Izabella Slabbert

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

